



## “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook”

*Ds Gys van Schoor*

Die opstanding is die vervulling van alles wat Jesus gesê en gedoen het. Jesus bring God se koninkryk (sy koningsheerskappy) juis as Messias van die Jode na die hele aarde. Die koninkryk van God wat naby was, is nou hier. En dit is vanuit die werklikheid van die opstanding dat Jesus ons stuur na die wêreld.



Ons het die afgelope 40 dae ingeef hoe om as Jesus se gestuurdes te lewe. Die fokus was om anders te lewe op die plekke waar ons reeds is, naamlik in ons werk en studieplekke, ons huise, ons gemeenskap. Prakties was dit niks anders nie as 'n inoefening van die liefde. Wanneer Jesus in Matteus 5:13-16 sê dat ons die lig vir die wêreld is; die sout vir die aarde, dan beteken dit prakties dat ons die liefde van God uitleef in die wêreld.

As Jesus na sy opstanding aan sy dissipels sê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” dan maak Hy die deure na die wêreld wyd oop (Johannes 20). Ons lees dit ook in Johannes 17:18 as Jesus vir sy dissipels bid: “Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur.”

Gestuurde is 'n eienskap van God. Die Vader stuur die Seun. Die Vader en die Seun stuur die Gees. Jesus en die Gees stuur ons. Dit is God self wat uitreik na die wêreld in nood met deernis, liefde en respek. Dié belangrikste

oortuiging van gestuurdes is dat God Drie-enig ons voorgaan in ons gestuurde. God nooi ons uit om deel te neem aan dit waarmee Hy reeds besig is in die wêreld.

Alle nood en seer het te make met gebroke verhoudings en dit is wat God as gestuurde herstel deur die werk van die Vader, Seun en Gees. God is vandag in elke plek besig met die herstel van verhoudings. Gestuurde is nie ons taak nie, dit is wie God is en wat God doen. Ons as gestuurdes word genooi om deel te word van dit wat God reeds doen.

Wat moet ons gaan doen? In Johannes 20:23 sê Jesus: “As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe.” Ons as gestuurdes van Jesus word geroep om die verlossing, die vergifnis, in die wêreld in te dra. Wanneer Jesus aan die kruis uitroep: “Vader vergeef hulle ...”, is dit presies wat ons moet beliggaam. Ons moet die vergifnis en genade van God in hierdie wêreld indra en uitleef.

2 Korintiërs 5:18-20 sê Jesus het die versoening bewerk. Hy het die verhouding van die mensdom met God herstel. Hy het vir al ons sondes betaal. Wat doen ons? Ons implementeer dit wat Jesus gedoen het.

Kom ek gebruik 'n beeld om dit prakties te maak. Die kok en die kelner se werk is onlosmaaklik verbind aan mekaar. Daar is egter 'n groot verskil tussen die werk van 'n kok en 'n kelner. Die kok berei die kos voor. Die kelner bedien dit. Gestuurdes van Jesus bedien die vergifnis, die versoening, die genade, die liefde van God aan die wêreld.

Hoe doen ons dit? Deur wie ons is en hoe ons leef! Let op die woordjie “soos” in die sin: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Waarna verwys die “soos”? 'n Gestuurde kerk dra die merktekens van Jesus, die merktekens van die kruis. 'n Gestuurde kerk is 'n dienende kerk, soos Jesus. 'n Gestuurde kerk is vol deernis, soos Jesus. 'n Gestuurde kerk daag die magte van onreg uit, soos Jesus. Al kos dit ons uiteindelik 'n kruis, soos vir Jesus.

In Johannes 20:22 sê die opgestane Jesus: “Ontvang die Heilige Gees!” Wanneer Jesus ons in die wêreld instuur, bly Hy nie iewers agter by 'n veilige hoofkwartier nie. Jesus is saam met ons, elke tree. In Matteus 28:20 verseker Jesus ons: “En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

## 'n Nuwe lewe saam met Christus!

*Ds Rian Verster*

Ons gemeente vier vanjaar Paasfees teen die agtergrond van ons jaartema: "Jesus stuur ons!" In Paasfees vier ons Jesus se kruisiging, ook dat Hy uit die dood opgestaan het. Ons vier hierdie fees, want dit bevestig dat dit vir ons is, vir ons wêreld. In Jesus kom God in lewende lywe na ons toe omdat Hy ons baie liefhet en ons van 'n lewe wat nie betekenis het nie, kom vrymaak. In Jesus se opstanding uit die dood skenk God aan ons 'n nuwe lewe. In Kolossense 2 sê Paulus dat ons saam met Christus gekruisig is en saam met Hom uit die dood opgestaan het, om saam met Hom 'n nuwe lewe te leef! Ons mag feesvier, veral ook omdat Paulus sê dit het by die doop, ons doop, gebeur!

Maar die rede vir ons feesviering lê nog dieper as dit. Ons vier ook Jesus se hemelvaart en Pinkster. Want Hy is nie weg van ons nie, maar is as Gees van God nou hier by ons, binne-in ons. Jesus is Heer en heerser van sy eiendom, sy erfposie. Hy het

## Bono van U2: 'n hedendaagse Dawid?

*Ds Tinus van Zyl*

Bono (Paul David Hewson), die hoofsanger van Rock-groep U2, het van kleins af 'n liefde gehad vir God, maar nie vir godsdiens nie. Hy kon identifiseer met die musikant van die psalms, Dawid, maar godsdiens was die Goliat wat sy vaderland, Ierland, in twee gedeeltes het. Met 'n Protestantse ma en 'n Katolieke pa het Bono gou-gou oortuig geraak dat godsdiens die perversie is van geloof, die onheilige reste wat oorbly wanneer God reeds die kerkgebou verlaat het. God was oral te vinde: in meisies, pret, musiek, geregtigheid, die Skrif ... oral, behalwe in godsdiens.

God was veral te vinde in die Skrif: in die ouderdomsbepaalde aksie-fliks van die Ou Testament, vol seks en geweld en vuil taal; in die "blues" van Dawid se psalms; in die ekstase van hooglied; in die poësie van Johannes. Eers was Bono geskok dat die Skrif so vol skobbejakke, moordenaars, bangbroeke, verneukers en huursoldate is, maar later het dit 'n groot troos geword, want voor God staan ons almal kaal; voor God kan niemand 'n sonbril dra nie.

Dawid het dit verstaan. Met sy lus vir vroue en sy lus vir die lewe, met sy nederigheid en angstigheid omdat die roeping van God op sy lewe soveel groter was as hy. Dawid was geen teoloog of politikus nie, maar 'n ware musikant en kunstenaar, wat kaal voor die weermag kon dans. Dawid was Bono se held, sy Elvis, "the king".

Bono het vroeg in sy lewe ophou kerk toe gaan, en begin om God te aanbid met sy eie psalms en gesange. En hy het ontdek dat hy nie alleen is nie. Nie net in die Skrif nie, maar ook in vandag se wêreld, is daar duisende der duisende sondaars opsoek na genade, reuse skares mense wat by U2 se konserte opdaag en saam met hierdie Rockers uit volle bors, wetend of onwetend, die gebed van Psalm 40 sing:

## Uit die Woord

verantwoordelikheid vir ons aanvaar, daarom het Hy Homself, in liefde, onvoorwaardelik aan ons verbind.

Ons leer uit die tekste wat ons die afgelope weke gelees het dat God se liefde en betrokkenheid by ons lewens en omstandighede nie net vir ons is om selfsugtig vas te klou nie, maar om dit te deel. Om onselfsugtig en oop en onvoorwaardelik die Here se liefde te deel. Die liefde is ook vir ons vyande of teëstanders bedoel, ons moet nie oordeel of veroordeel nie, maar vrysprek! Jesus stuur ons om sy liefde en omgee na siek mense en mense in nood te neem, om 'n verskil te gaan maak.

Efesiërs 2:10 sê: "God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het."

## Uit die Wêreld



*I waited patiently for the Lord  
He inclined and heard my cry  
He lift me up out of the pit  
Out of the miry clay*

*I will sing, sing a new song  
I will sing, sing a new song*

*How long to sing this song?*

\*Bron: "The Book of Psalms" deur Bono, in: *Revelations. Personal Responses to the Books of the Bible.*

# Jesus stuur ons!

Ds Tinus van Zyl

In hierdie 40 dae het ons ingeoefen om Jesus se liefde uit te leef op die plekke waar ons elke dag kom. Aan die einde van elke dag het ons nagedink oor die dag en gevra: "Waar het ek vandag God se liefde ontvang of gegee? Waar het ek vandag gesukkel om God se liefde te ontvang of te gee? Wie het Jesus oor my pad gestuur vandag?" Hier onder is 'n paar lidmate se belewenis van hierdie inoefening. Lees gerus nog meer en deel ook jou eie ervaring op ons webblad:

[durbanvillegemeente.co.za/aanbid/wat-hoor-jy-uit-die-tekst/](http://durbanvillegemeente.co.za/aanbid/wat-hoor-jy-uit-die-tekst/)  
[durbanvillegemeente.co.za/groei/wat-leer-jy-in-jou-kleingroep/](http://durbanvillegemeente.co.za/groei/wat-leer-jy-in-jou-kleingroep/)  
[durbanvillegemeente.co.za/dien/hoe-dien-jy-vandag/](http://durbanvillegemeente.co.za/dien/hoe-dien-jy-vandag/)

## Wynand Theron:

Die belangrikste besef vir ons as groep op ons 40 dae-reis, is die eenvoudige, basiese waarhede wat hierdie reis vir ons na vore bring. Vir 40 dae (minder as 11% van jou jaar) word van jou gevra om bietjie meer te let op jou daaglikse doen en late en om saam daarmee stil te word met die Woord ook. Met die neerskryf van jou gedagtes by "Daaglikse Nadenke", verwoord jy as't ware jou positiewe en negatiewe gedrag, wat ook kan dien as 'n rigsnoer vir jou gedrag in die toekoms. Die waarhede wat vervat is in Bylae 1, 2 en 3 van die 40 dae-handleiding is natuurlik ook kosbaar.

## Yolandie van Wyk:

Ek hoor dat ons nie noodwendig ver moet soek om 'n verskil te maak nie. Om uit te gaan nie NET na die mense wat in die dag oor jou pad kom nie, maar ook in jou onmiddellike omgewing, m.a.w. jy moet uitgaan ook na jou buurman oor die pad ... Ek leer ek moet ophou oordeel. Ek moet in my gesin begin. Ek moet kyk hoekom ek myself so negatief sien, daaraan werk en my gesin met liefde troetel en vertroetel.

## Zaretha King:

Ek leer: "God works in mysterious ways". Hy verbaas ons keer op keer en verras ons met wie Hy is en wat Hy doen. Om te kan sien wat Hy nie net in my eie lewe doen nie, maar ook in soveel ander mense se lewens, dit is 'n ware "eye opener". Hy is getrou. Dis 'n vreugde en voorreg om deel van 'n kleingroep te wees, mens mis dit werklik wanneer jy dit vir 'n tyd lank nie gehad het nie.

## Annemarie Meyer:

Ek en 'n vriendin in my kleingroep het al voorheen geskerts oor ons liefde vir *to-do*-lysies maak en die plesier wat ons daaruit kry om items af te merk. In Sondag se kleingroep deel sy met ons dat sy deesdae baie minder lysie-gedrewe is en dit doelbewus bietjie op die agtergrond geskuif het. Sy probeer nou meer verhoudingsgedrewe wees. Gisteraand besef ek dat dit deel is van my probleem die laaste paar weke: ek is absoluut taakgedrewe die laaste tyd en dan lei die liefde dikwels maar daaronder. Dankie vriendin!

## Sandra Jordaan:

Ek leer herhalend die anders kyk en reageer van Jesus op elke dag se situasies. Die perspektief van gedurig kyk wie word oor my pad gestuur en dan biddend leiding te vra vir optrede, is kosbaar. Die snoeiskêr vir liggeraak wees, veroordelend reageer, sny diep. Die troos is dat die Heer oral beloof om die krag te wees om in ander se skoene te kan gaan staan en te vra: "Hoekom?"

## Pieter en Alida Fourie:

My gevoel (en dit is wat ek hoor) is die totale grootheid van die boodskap (synde God se bedoeling). Daarteenoor: my gesukkel om dit werklik te verstaan en dan uit te leef. Nie dat ek moedeloos is of wil word nie, maar ek begeer om dit dan ook nou deel van my gebed te maak: "Here, leer my om die liefde en goedheid wat ek elke dag so mildelik van U ontvang, te kan uitdeel en te kan uitleef, sonder enige bymotiewe. Nie net tussen vriende en gelykes nie, maar aan almal wat my pad kruis."



## Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.



## Hoekom moet ons oorsee gaan?

*Petrus en Lisle*

“En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuigenis kan hoor. Eers dan sal die einde kom” (Matteus 24:14).

Fassinerend! Hierdie twee woorde in die Bybel: “wêreld” en “nasies”. Die Bybel op my rekenaar lewer 691 resultate vir “nasies” of “volke” en 1 285 resultate vir “wêreld” of “aarde”. Die Bybel praat BAIE hieroor! As die Here na die aarde kyk, sien Hy nie net Durbanville, Kaapstad of Suid-Afrika nie! Hy het 'n plan vir die HELE aarde; vir elke volk en nasie.

“Uit een mens het (God) al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon,” sê Paulus in Handeling 17. Maar hoekom het Hy dit gedoen? Paulus verduidelik: “God het hulle gemaak om Hom te soek ...”

Dis goeie nuus! Die Here het ONS in Suid-Afrika gesit en ons tye bepaal, sodat ons Hom kan vind! Hy stel belang in ons en is lief vir ons. Luister hoe mooi stel Paulus dit in Romeine 10: “... elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.” Dit is goeie nuus!

Maar is dit REEDS goeie nuus vir die Afghan-baba wat gister gebore is of vir die Tibetaanse tannie wat vandag oorlede is? Paulus gaan verder: “Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?”

Die antwoord is: Hulle kan nie! Paulus vra laastens: “En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?”

God se plan is vir 'n wêreld-koninkryk. Laat sy Gees deur jou 'n verskil maak: in Suid-Afrika as Hy jou hierheen stuur; onder die nasies van die wêreld as Hy jou daarheen stuur.



(Kom praat gerus met ons as jy voel die Here roep jou vir voltydse sendingwerk oorsee. Ons kontakbesonderhede is beskikbaar by die kerkkantoor.)

## Kraaifontein-uitreik

*Sakkie Bosman*

Kraaifontein-uitreik se storie het ongeveer tien jaar gelede begin met die gemeente se besluit om na die armoede in Kraaifontein om te sien. Ek en oorlede Kowie Conradie is Kraaifontein in, omdat hy bewus was van 'n ou karavaanpark waar “swaarkry-mense” konsentreer. Voor ons kon besluit hoe en wanneer, het ds Gys van Schoor my bewus gemaak van sy buurvrou, Riana Whittaker van die plaaslike Presbiteriaanse kerk, wat reeds geruime tyd daar werksaam is. Ons het dadelik saam met haar daar betrokke geraak, tot vandag toe.

Ons het voorheen om die beurt kosaankope gedoen. Die kos is weekliks versprei, wanneer sy dan ook vir die dames Bybelstudie aangebied het. Ons het hierdie karavaanplek later na Paradyspark herdoop, wat maar sy lief en leed opgelewer het. Party het die Boodskap op hierdie wyse gehoor, gesien en aanvaar. Ander het maar met hulle ou leefstyl voortgegaan. Wanneer daar nie kos was nie, het hulle Bybelstudie “geboikot”. Die situasie het hom later self uitsorteer.

Paradyspark bestaan egter nie meer nie. Vandag is hierdie mense versprei in die Kraaifontein gemeenskap. Hulle wat Jesus aangeneem het, word steeds versorg en besoek. Hier is Riana Whittaker onverpoosd aan die werk. Ons konsentreer meer op verdienstelike gevalle, veral Christen families wat weens omstandighede in 'n bodemlose put beland het, asook ouer

mense. Waar daar kinders betrokke is, poog ons om hulle sover moontlik te verseker van normale skoolaktiwiteite en lewenstandaard om sodoende te verhoed dat hulle die onderwerp van bespotting word by die skool.

Die uitreik gaan voort hoewel ons somtyds gebuk gaan onder onvoldoende fondse en kosskenkings. Ons en die Presbiteriaanse kerk saam kon vir 'n lang periode nie voorraad aankoop nie. Danksy die gemeente en ander skenkings kan ons met meer rustigheid tans voortgaan.

Afhangende van voortgaande skenkings, beide in voorraad en kontant, is ons doelwit om ook vir BADISA Kraaifontein ten minste driemaandeliks van genoeg kosvoorraad te voorsien, aangesien hulle 'n groter groep mense bedien.

Kontant skenkings is van kardinale belang, omdat dit al hoe meer 'n groter vereiste word ten opsigte van verbande, huishuur, elektrisiteit, brandstof, medikasie, skoolfonds, skoolklere en baie meer.

Ons is bewus dat die huidige finansiële klimaat nie goedgunstig teenoor elkeen is nie, maar die hemel juig oor elke poging.

# De Port'uur-Groep

Marié Conradie

Die Bybel in Praktyk vertaal Hebreërs 10:23 soos volg: "Jy moet styf vashou aan die hoop wat jy bely, naamlik dat jy alles wat God in Christus aan jou beloof het, in besit sal neem. Ons moet na mekaar omsien en so mekaar aanspoor tot liefde en goeie daede. Dit is noodsaaklik dat mens werklik aktief moet deelneem aan al die aktiwiteite van jou gemeente, want net dan sal jy en jou medegelowiges mekaar voldoende leer ken om te weet in watter opsig julle liefde en goeie daede te kort skiet, sodat julle mekaar daartoe kan aanspoor."



## Bedieninge

Bogenoemde teks is deur Dolores Theron aan ons voorgelees voor ons uitstappie na Ludwig's se roseplaas op Woensdag, 2 Maart 2011. Dit was 'n pragtige somersdag! Onder leiding van die ervare Vrede, rose-kenner van die tuin, met sy snoeiskêr in die hand, het ons tussen die rose, Oklahoma, Just Joey, Granny's Delight en Dancing Queen gekuier. Barbara van Niekerk sê: "Dit was beslis die moeite werd. Ons het goeie wenke gekry oor die snoei van rose: hoe om plante oop te sny, sodat die water nie net op die blare val nie, maar die grond deurdrenk. Die verskeidenheid name, en die soet reuk van die rose, sal my bybly." Estherna Lotz is ook "dankbaar vir die leersame uitstappie na die koningin van die blomme. Ons is geseënd met 'n wonderlike Skepping en benut dit nie genoeg nie."

Met soveel natuurwonders om ons begin ons anders dink oor die lewe self. Ons wil anders begin dink oor hoe ons ons tyd verwy, hoe ons die strakke roetine van die verlede kan verander na 'n grootse, nuwe uitdaging. Ons besin nuut oor die betekenis van omgee vir mekaar, hoe om mekaar beter lief te hê.

De Port'uur-Groep nooi almal om aan ons uitstappies mee te doen en 'n realistiese dissipelskap uit te leef in 'n wêreld wat smag na sy Woord en om soos Jesus te lewe.

# Sokhanya, die Groot Lig

Mariëtte Odendaal: *Kerklike Getuienis Aksie*

"Ek kan Afrikaans praat, want ek kom van die Noord-Kaap," sê die swart vrou voor my en glimlag breed. "Ai, my Xhosa sukkel maar," sê ek en ons lag lekker saam. Ons word omring met liefde en warm Afrika-hartlikheid. Ons staan in 'n ry van omtrent twintig Xhosas in die hartjie van Khayalitsha, terwyl ons mekaar al singend met die hand groet. Dit was 'n wonderlike aand.

Ek wou nog altyd kom kyk en beleef wat dr Danie van Zyl, dosent van die Sokhanya Bybelskool, doen. Ons kom ooreen dat hy ons op die brug wat oor die N2 op pad na Khayalitsha gaan, sal inwag en dan vooruit sal ry na waar die gemeenskapsaal is.

Ek en Kobus, my man, is skielik, vanaf die moderne N2-snelweg in 'n gans ander wêreld. Die laatmiddagson sak oor tientalle sinkgeboutjies met dapper entrepreneuriese bedrywe wat handel dryf vanaf die verkoop van selfone, kruidentersware, lekkergoed en brood, tot vleis – almal tekens van *survivors*. Hier woon die armstes van die armes; die strate pols van vrolike jongmense, waarvan die meeste seker werkloos is.

By die gemeenskapsaal begin die Sokhanya-studente een-vir-een aankom. Hulle groet hartlik en maak hulleself gereed vir Danie se lesing. Die studente wissel van gewone lidmate tot leraars en biskoppe. Alle denominasies is welkom en geen geletterheidsvlak word vereis nie. Hier is almal gelyk.

Hulle bespreek vanaand Genesis 1. Ek sien voor my mede-broers

en -susters wat saam met my deel uitmaak van dieselfde familie in Christus, ongeag ons kulturele verskille. Mense wat, danksy die kwaliteitonderrig van hierdie Bybelskool, te midde van hulle armoede, menswaardig kan voel, wat aan die einde van twee of drie jaar trots sy of haar sertifikaat sal ontvang by 'n groot plegtigheid.

Toe ons die aand daar wegry, voel ons soos mense wat met 'n warm, rooi kombers toegegooi is teen die koue van die werklikheid van misdaad en daaglikse oorlewingstryde. Sokhanya: die groot vuurtoring van hoop in 'n woeste oseaan is vir honderde van ons Xhosa-families die plek waar hulle weekliks krag kry om die lewe met vertroue aan te durf.

Lees verder van Sokhanya op die KGA-webwerf by:  
[www.kga.org.za](http://www.kga.org.za)







# geseëde Paasfees

## Paasfees

### GESEËNDE PAASFEES

Graag wil ons julle almal 'n BAIE geseënde Paasfees toewens, en laat ons die ware betekenis daarvan vier en dankie sê vir hierdie groot opoffering van die Here:

**Paasfees** is een van die belangrikste gelowige feeste in die Christelike kerklike jaar en word tussen laat Maart tot vroeg April gevier (vroeg April tot vroeg Mei in vroeë Christendom). Paasfees vier die opstanding van Jesus Christus wat op die derde dag na sy kruisiging uit die dood uit opgestaan het.

Johannes 3:16: "Want sò lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

**Kleur die prentjie in van Jesus en Maria voor die graf.**



# Kompetisie Kompetisie Kompetisie

Ons is baie opgewonde oor ons Paasfeeskompetisie!!! Al wat jy moet doen om een van ons lekker pryse te wen, is om jou eie Paaseier te ontwerp en in te kleur — op 'n A4 grootte papier. Onthou om al jou besonderhede onderaan in te vul, ons wil weet wat is jou naam, hoe oud jy is en in watter **graad** jy is. Jy kan dan jou inskrywing Sondag by die Gemeentesentrum in die houtboks wat "PAASFEESKOMPETISIE" gemerk is, gooi. Ons gaan drie ouderdomsgroepe hê, nl. Voorskool, Gr. 1 - 3 en Gr. 4 - 6. Die sluitingsdatum is Sondag 1 Mei 2011 en die wenners sal aangekondig word op 6 Mei gedurende die JNR Kategese "Fun"-aand.



# The Shack

Ds Tinus van Zyl

“Wat op dees aarde is *The Shack*?!” het verskeie gemeentelede al sekerlik gevra. Dit is die naam van ons tienerbediening vir Graad 7-12 jongmense, wat op 'n Sondagand 18:00-20:00 in die Jeuglokaal bymekaarkom. Die tieners het self hierdie naam gekies, om aan te dui dat die tienerbediening 'n plek is waar almal welkom is, waar almal tuis kan voel, maar wat jou ook gaan uitdaag om buite jou gemaksones te tree en na ander uit te reik.

Wat gebeur by *The Shack*? Wel, verskeie dinge, maar die belangrikste is dat die hele aand 'n eenheid vorm. As jy 30 minute na *The Shack* toe kom en dan loop, sal jy nie verstaan waaroor dit gaan nie. Elke element van die aand, van die ysbreker, tot die “band” se Praise & Worship, die video, die preek, die kleingroepbesprekings, die gebede, die nagmaal, selfs die “chill” rondom “hot chocolate”, tafeltennis en wanneer ons mekaar aan die einde van die aand drukkies gee en sê: “Vrede vir jou” dit alles wentel rondom een tema vir die betrokke aand en vorm een groot geheel.

# Noord-Kaap ROADTRIP!

Christi Thirion

Ek kry hierdie tyd van die jaar die gevoel van daardie T.V.-advertensie waarin 'n klomp studente mekaar verveeld aankyk en die een roep: “Roadtrip!” en die ander antwoord met groot opwinding: “Roadtrip!” en dan ry hulle tot by die naaste Ultra City, minder as 'n kilometer weg, koop 'n wegneem-ete en “roadtrip” dan weer huis toe. Indien jy egter lus het vir 'n regte “roadtrip”, lees verder.

Van 25 Junie tot 2 Julie is dit weer tyd vir ons vakansie-uitreik. Ons het 'n regte “roadtrip” Noord-Kaap toe. Ons gaan egter nie 900km ry, 'n Wimpy-burger eet en dan terugry nie. Nee, ons gaan darem so bietjie werk, speel en nuwe vriende maak.

Die plan is om weer in Vredesvallei te gaan kuier en elke dag daar 'n kinderprogram aan te bied. Ek weet almal is nie so vaardig in poppekas en prentjies inkleur nie, so daarvoor het ons ook 'n projek waar ons 'n bietjie sal hamer en timmer en skuur en verf om die gemeenskap tot diens te wees. Miskien het jy ook diep binne jou 'n Lionel Messi of Cristiano Ronaldo wat wag om na

# Jeug: Tieners

Ons het ook 'n lekker span betrokke pa's en studente wat vanjaar ingeskakel het by *The Shack* om te help met die kleingroepbesprekings, en om deel te wees van die hele belewenis. As jy nuuskierig is: kom loer gerus in. Almal is welkom in *The Shack*.



buite te kom en hierdie is dan jou kans. Wat is 'n uitreik nou sonder 'n bietjie sokker?

Hoewel ons beoog om meestal tieners saam te neem op die “roadtrip”, het ons volwassenes uit die gemeente nodig. Ons probeer die kostes so laag moontlik hou deurdat ons van gemeentelede vra om ons te help met vervoer. Dit beteken dat daar ten minste vier mense met hul karre sal moet ry en saam met ons die uitreik bywoon. (Jou brandstof word gedek deur die inskrywingsgelde.) Indien jy nie daarmee kan help nie, maar steeds 'n bydrae wil lewer, kan jy vir ons iets borg, soos 'n blik verf, 'n paar balle, van die kos, dalk 'n tenk brandstof of selfs van die uitreikers se uitgawes.

Indien jy meer inligting soek, kontak my gerus:  
Christi Thirion

E-pos: [christi@durbanvillegemeente.co.za](mailto:christi@durbanvillegemeente.co.za)  
Selfoon: 082 728 9762





# Christi Thirion: Amper predikant

Johan Benade: *Diensverhoudingkomitee*



Christi is die afgelope paar jaar deelyds besig met verdere studie ten einde hom te bekwaam as predikant. Om die ideaal te verwesenlik, moet hy die Graad M.Div in 2011 voltooi. Die klasse word slegs in die oggend aangebied, wat 'n invloed het op sy diensverhouding en uitsette binne die gemeente.

Na onderhandeling met die Diensverhoudingkomitee, het die kerkraad toestemming verleen dat hy die graad gedurende 2011 kan voltooi. Daar is met hom ooreengekom dat sy ure en vergoeding aangepas word na aanleiding van die tyd wat hy aan die studies moet spandeer. Die waarde van die kursus is dat hy die kennis onmiddelik terugploeg binne sy gemeentelike werk.

So vertel Christi van sy roeping tot die bediening: "Ek het op hoërskool die roeping ontvang om my lewe te wy aan die verkondiging van die evangelie. Die feit dat my pa 'n predikant in die NG Kerk was, het waarskynlik 'n groot bydrae hiertoe gelever.

## Ds Gys van Schoor sprei sy vlerke in diens van die breë kerk

Johan Benadé: *Diensverhoudingkomitee*

Ds Gys vertel: "Die Sentrum vir geloofsvorming is ten diepste gebore uit my woestynpad. Die Here het met my op 'n nuwe pad begin loop ... My gesprekke met Dallas Willard, die besoek aan Sacramentogemeente in die VSA en hulle geloofsvormingsprogram, asook die kursus van Pete Scazzero oor Emosioneel gesonde spiritualiteit, het my laat beseft dat geloofsvorming die hart van die bediening is. Dr Coenie Burger het my genooi vir gesprekke, wat daartoe gelei het dat hy my gevra het om predikante te lei op 'n Geloofsvormingsreis.

Ek het nog altyd my roeping so verstaan dat dit veral toegespits is op lidmate. Daarom voorsien ek dat die reis wat tans vir predikante aangebied word, uitgebrei sal word om lidmate ook in te sluit.

Ek het aan die einde van verlede jaar tot die oortuiging gekom dat ek die Sentrum vir geloofsvorming tot stand moet bring, wat tot diens van die kerk in die breë kan staan. Die gedagte is glad nie dat ek alleen vir die dienste van die Sentrum verantwoordelik sal wees nie, maar deel van 'n span."

Wat beteken dit vir ons gemeente?

Die implikasie vir die gemeente is dat ds Van Schoor nie meer sy volle tyd in die gemeente sal spandeer nie, maar 'n gedeelte in diens van die breë kerk. 27% Van sy tyd sal in diens van die Sentrum wees. Die DVK het met ds Van Schoor onderhandel, waarna die kerkraad die ooreenkoms goedgekeur het i.t.v. sy tyd buite die gemeente en die impak wat dit het op sy diensverhouding. Ds Van Schoor se tyd in diens van die breë kerk sal deur die Sentrum uitgekoop word.

Sy werk as kapelaan in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag het my egter oortuig dat die roeping ook kan beteken dat ek dit as 'n 'marketplace missionary' kan doen, met ander woorde dat ek die evangelie kan verkondig in enige werk.

Die Here het my egter oortuig om binne die kerklike strukture my roeping uit te leef, na ek in verskeie loopbaankeuses en studierigtings 'n sterk gevoel van onvergenoegdheid ervaar het. Ek het daarom in 2001 begin met die kursus in jeugwerk by Hugenote Kollege, omdat ek ook in my gemeente van daardie tyd ervaar het dat ek 'n aanvoeling en aanleg vir jeugbediening het.

Ek het in my posisie as jeugwerker die ervaring gehad dat jongmense as deel van die meer holistiese struktuur van gesinne bedien moet word. Verder het ek beseft dat die strukture van die NG Kerk dit makliker maak vir 'n lewensvatbare vorm van gesinsbediening, indien ek as predikant van die kerk kan werk. Dit het my roeping om 'n predikant te word, bevestig en versterk."

Die kerkraad het weereens bevestig dat die pad wat die Here met ds Gys stap ten nouste verweef is met die pad wat die Here met ons gemeente stap. Ons is dankbaar dat dit wat die Here in ds Gys se lewe en in ons gemeente doen, tot soveel seën kan wees vir predikante en gemeentes in die breë kerk.

